

Bring voortdurend 'n loffer aan God (OP116)

Heb 13:7-16

12 Februarie 2023

In Heb 12:28 het die skrywer, nadat hy in die voorafgaande verse beskryf het hoe groot die voorregte van gelowiges is, en ook hoe groot hulle verantwoordelikhede is, die punt bereik waar hy sy lesers oproep het dat hulle God dankbaar moet dien op 'n wyse wat vir God welgevallig is, met eerbied en ontsag. Laasweek het ons in Heb 13:1-6 geleer van 5 praktiese maniere waarin gelowiges God kan dien op 'n wyse wat vir Hom welgevallig is. Hierdie 5 maniere is: (1) Ons moet volhard in broederliefde, (2) ons moet gasvry wees, selfs teenoor vreemdelinge, (3) ons moet aan gevangenes dink deur vir hulle te bid, hulle te besoek en hulle te versorg, (4) ons moet die huwelik eerbaar hou met ons huwelikke streef na dit wat God daarmee wil bereik, en (5) ons moet tevrede wees met wat ons het en ons vertrouwe stel in God as ons Helper wat sal voorsien wat ons ook al nodig het. Alhoewel hierdie 5 maniere met die eerste oogopslag lyk na diens teenoor ons naaste of ons verhouding met ons besittings, is dit ten diepste maniere waarop God gedien word.

Vandag wil ek stilstaan by Heb 13:7-16. Hierdie verse is 'n voortsetting van die bespreking oor hoe ons God welgevallig kan dien met eerbied en ontsag. Die skrywer, onder leiding van die Heilige Gees, bou 'n redelike lang argument in verse 7-14, wat in vers 15 uitloop op sy oproep: "Laat ons dan deur Hom voortdurend 'n loffer aan God bring – dit is die vrug van lippe wat Sy Naam bely". In vers 16 voeg hy by: "En moenie versuim om goed te doen en mededeelsaam te wees nie, want God het behae in sodanige offers". Sy argument bou op na hierdie twee oproepe – om voortdurend 'n loffer aan God te bring, en om goed te doen en mededeelsaam te wees – want God het behae in sulke offers, wat natuurlik aansluit by Heb 12:28 waar die oproep was om God op 'n welgevallige wyse te dien. Ons gaan dus vandag eers stilstaan by die argument in verse 7-14, en daarna kortliks kyk na die oproepe in verse 15-16.

Die argument in Heb 13:7-14

Die argument is redelik lank, en dit verg 'n bietjie moeite om te verstaan hoe die verskillende dele van die argument bymekaar aansluit. Maar as mens die moeite doen om dit behoorlik te begryp, laat dit mens opnuut weer verstom staan oor die detail wat God in Sy openbaring aan ons ingesluit het. Ons gaan stap vir stap deur die argument werk, en dan terugstaan om seker te maak ons snap die vloei van die argument.

Ons begin met vers 7. Lees Heb 13:7. Die oproep is dat die Hebreërs, en dus gelowiges, ons leiers in gedagte moet hou. As jy afbeweeg na vers 17, sien jy dat die skrywer daar ook praat van leiers – daar word die gelowiges oproep om die leiers te gehoorsaam en aan hulle onderdanig te wees. Daar is egter 'n verskil tussen die leiers wat in vers 7 in gedagte gehou moet word, en die leiers in vers 17. Vers 7 sê die gelowiges moet onder andere ag gee op die uiteinde van hulle leiers se lewensloop. Dit beteken hulle moet ag gee op hoe hulle leiers se lewens geëindig het. Vers 7 het dus leiers wat reeds gesterf het, in gedagte. Daarteenoor het vers 17 die leiers in gedagte wat steeds in hierdie lewe hulle leierskapsrol vervul.

Vers 7 se oproep is dat die gelowiges die leiers in gedagte moet hou wat die Woord van God aan hulle verkondig het. Onthou nou, die Hebreërs was Christene wat uit die Jodedom afkomstig was. Daar moes dus persone gewees het wat hulle geleer het van Jesus, en dat hy die vervulling is van die beloofde Messias is wat sou kom. Ons weet nie presies wie hierdie leiers was nie, maar dit sluit sekerlik die apostels in wat 'n groot rol gespeel het in die vroeë kerk. Maar dit kan ook ander leiers

wees. Ons weet hoedat Paulus die aanstelling van ouderlinge in gemeentes aangemoedig het – en die rol van ouderlinge is onder andere om die Woord van God te verkondig aan die persone wat hulle lei. Wat van ons? Wie moet ons in gedagte hê? Wel sekerlik ook die apostels. Maar ook geestelike leiers wat diep spore getrap het in die kerkgeskiedenis – mense soos Augustinus, of Calvyn, Luther of predikers soos Spurgeon of Lloyd-Jones. Dit kan ook 'n plaaslike ouderling wees wat 'n groot rol gespeel het om God aan jou te verkondig, maar intussen reeds gesterf het.

Wat is dit wat ons as gelowiges in gedagte moet hou rakende hierdie leiers? Vers 7 lig twee sake uit: Ons moet die uiteinde van hulle lewensloop in gedagte hou, en ons moet hulle geloof as 'n voorbeeld neem. Ons moet onself herinner aan wat hierdie leiers geglo het – ons sal tog weet wat hulle geglo het uit wat hulle aan ons geleer het uit God se Woord. Ons moet onself herinner aan hoekom hulle dit geglo het, aan hoe hulle geloof in hulle lewens sigbaar geword het, ook hoe hulle volhard het in die geloof tot die einde toe. En spesifiek ook hoe hulle lewe tot 'n einde gekom het – dit kan wees dat van hulle gesterf het a.g.v. vervolging weens hulle geloof, maar dit hoef nie noodwendig so te wees nie. Selfs al het hulle rustig in 'n hoë ouderdom gesterf, moet ons dink aan hoe hulle gesterf het – waar het daardie rustigheid vandaan gekom? Natuurlik moet ons versigtig wees om mense te volg – selfs die beste leiers in die loop van die ganse kerkgeskiedenis was steeds sondaars, en ons sal onderskeidingsvermoë aan die dag moet lê. Maar dit beteken nie dat ons nie van sulke leiers se voorbeeld kan leer nie. Dit plaas natuurlik ook 'n groot verantwoordelikheid op leiers wat nog lewe om seker te maak dat hulle navolgenswaardig te lewe. Hierdie oproep is soortgelyk aan Heb 11, waar die Ou Testamentiese gelowiges aan ons voorgehou is om van te leer.

Die punt in vers 7 is egter dat hierdie leiers gesterf het. En dit kan 'n leemte laat. Die persoon van wie jy so baie geleer het, is nie meer daar nie. Dit kan jou bekommerd maak. Wie gaan by die persoon oorneem?

Kom ons beweeg aan na vers 8. Lees Heb 13:8. Ja, dit is so – baie van ons leiers van wie ons baie geleer het, het reeds gesterf. Maar onthou nou wat hierdie leiers jou geleer het: as hierdie leiers werklik God se Woord aan ons verkondig het, beteken dit tog dat die hart van hulle verkondiging Jesus Christus moes wees. Ja, die leiers het miskien gesterf en moet vervang word met ander leiers – maar Jesus Christus sterf nooit weer nie! Hy is gister en vandag dieselfde, en tot in ewigheid! Boonop is Hy die Een wat werklik saak maak. Een van die dinge wat hierdie leiers ons tog geleer het, is hoe Paulus in Fil 3:7-8 sê: “Maar alles wat vir my wins was, reken ek nou as verlies, ter wille van Christus. Inderdaad reken ek alles as verlies, ter wille van die uitnemendheid daarvan om Christus Jesus, my Here, te ken”. Of dink aan daardie heerlike beskrywing van die Seun van God in Heb 1:2-4: Die Seun is die Een deur wie God in die laaste dae met ons praat – ja, ons leiers praat met ons, maar hulle leer ons wat Jesus geleer het. Die Seun is die Erfgenaam van alles. Die Seun is die ewebeeld van die wese van God – en God verander tog nie! Boonop is die Seun die Een wat alles in stand hou.

Dink aan wat jou leiers jou geleer het oor Jesus Christus: Ja, daar is ontwikkeling in God se openbaring aan ons. Daar was die ou verbond – gevul met beloftes en tipes en skadubeelde. Maar die inhoud van daardie beloftes, tipes en skadubeelde is Jesus Christus. En intussen, het Hy gekom. Hy het reeds as die Leidsman van ons verlossing die nuwe lewende weg gebaan tot in die Allerheiligste, Hy het reeds gekom as die Middelaar van die nuwe verbond, Hy sit reeds aan God se regterhand. Die feit dat God se openbaring aan die mensdom afgesluit is, onderstreep niks van hierdie heerlike waarhede gaan verander tot met die einde toe nie, wanneer Hy gaan kom as die Voleinder van ons verlossing. Dus: Jesus Christus is die fokus van God se plan met die heelal. Die grootste ontwikkeling in die werk van die Seun het reeds gebeur. Daarom, weet verseker en word bemoedig: Hy is dieselfde: gister, vandag en tot in ewigheid!

Ons beweeg aan na vers 9. Lees Heb 13:9. Die oproep hier is dat gelowiges nie meegevoer moet raak deur allerhande vreemde leringe nie. Hoekom nie? Want hulle is tog goed onderrig deur hulle leiers, hulle het tog gesien hoe hierdie leiers volhard het tot op die punt dat hulle gesterf het, hulle is tog geleer Jesus Christus is dieselfde gister, vandag en tot in ewigheid. Daar is eenvoudig nie plek vir allerhande vreemde of nuwe leringe nie. God se plan staan vas en die Seun is die Middelaar van hierdie plan, en Hy verander nie. Daar is nie plek vir nuwe vreemde leringe nie.

Ons het nie die spesifieke detail van die vreemde leringe wat die skrywer in gedagte gehad het nie. Miskien is dit juis die punt – solank jy weet wat die regte leer is, is alles wat verskil van daardie leer, vreemd, en jy moet jou nie daardeur laat meevoer nie. Maar vers 9 maak dit tog duidelik dat van hierdie vreemde leringe iets oor eetgebruike bevat het. Op een of ander wyse was daar leringe wat beweer het dat sekere eetgebruike nagekom moes word om in die regte verhouding met God te leef. Ons sien so-iets in Kol 2. In Kol 2:8 waarsku Paulus teen menslike tradisies en teorieë wat nie behoorlike grond het waarop dit staan nie. In verse 16-17 sê hy ons moet nie ons laat oordeel oor wat ons eet en drink nie. In die Ou Testament was daar natuurlik allerlei voorskrifte oor wat geëet en nie geëet mag word nie – maar, sê Paulus, dit was alles net voorafskaduwings van wat in Christus vervul sou word. In vers 23 voeg Paulus by hierdie selfopgelegde godsdienspligte is heeltemal nutteloos. Dit is ook die punt in Heb 13:9 – hierdie leringe baat niks. Dit bou nie op nie, dit versterk nie. Nee, die manier waarop gelowiges versterk word, is deur 'n genadewerking van God self.

Dit bring ons by verse 10-14. Lees Heb 13:10-14. In hierdie verse is daar verwysing na offers wat in die Ou Testament deur die volk gebring moes word. Daar was 'n verskeidenheid van sulke offers. Ter agtergrond wil ek na drie offers verwys: die brandoffer, reinigingsoffer en dankoffer.

- Brandoffer: Lees Lev 1:6-9. Die belangrike punt vir ons studie, is dat die brandoffer volledig verbrand is op die brandofferaltaar. Geen deel van die dier mag geëet word nie.
- Reinigingsoffer: Lees Lev 4:3-12. Hierdie offer is gebring om reiniging van sondes te bewerk. In hierdie geval is van die bloed van die dier wat geoffer word voor die voorhangsel gesprinkel, en van die bloed is ook aan die horings van die wierookaltaar gesmeer. Die res van die bloed is uitgegiet by die basis van die brandofferaltaar. Die vet, niere en lewer van die dier is op die brandofferaltaar in die voorhof verbrand. Die res van die dier, sy vel, vleis, kop, pote, binnegoed en pensmis is op 'n rein plek buite die laer verbrand. Toe die volk later in die beloofde land was, is dit buite Jerusalem verbrand. Geen deel van hierdie offer mag geëet word nie. Op die Groot Versoendag is beide 'n brandoffer en 'n reinigingsoffer gebring – Lev 16 beskryf die detail.
- Dankoffer: Lees Lev 22:29-30. Uit hierdie verse is dit duidelik dat wanneer 'n dankoffer aan die Here gebring is, mag daar wel van geëet word – solank dit op dieselfde dag as wat die offer gebring is, geëet word. 'n Deel is aan die Here gewy, en 'n ander deel is deur die volk geëet. Dit was 'n heenwysing na die gemeenskap wat hulle met God gehad het – hulle kon eet van dieselfde offer wat aan God gewy was.

Kom ons hou dit alles nou in gedagte, en kyk na vers 10. Lees Heb 13:10. Ons lees hier dat ons, d.w.s. die Hebreërs en ons as gelowiges, het 'n offeraltaar. Van hierdie offeraltaar mag die wat in die tabernakel diens verrig, nie eet nie. Wie is dit wat in die tabernakel diens verrig? Dit is tog die Levitiese priesters. Nuwe Testamentiese gelowiges het dus 'n offeraltaar, waarvan die Levitiese priesters nie mag eet nie. Al word dit nie pertinent gesê nie, skep die vers die indruk dat die Nuwe Testamentiese gelowiges wel van hierdie offeraltaar mag eet. Soos wat ons gesien het, was daar in die Ou Testament sekere offers waarvan die volk destyds dele mag eet, byvoorbeeld die dankoffer. Dele van die offer is aan die Here gewy en ander dele mag deur die priesters en selfs die volk geëet

word. Hierdie offers is ook op die brandofferaltaar gebring. Ons het al verskeie kere in die verlede gepraat oor hoe die tabernakel en sy inhoud vervul is in Christus. Dit is ook waar van die brandofferaltaar en die offers wat daarop gebring is. Dit is waar van offers soos die brandoffer en reinigingsoffer wat spesifiek reiniging van sondes moes bewerk, maar dit was ook waar van offers soos die dankoffer wat spesifiek verwys het na die gemeenskap wat die volk met God mog hê. Op grond van Jesus se versoeningwerk mag gelowiges ook gemeenskap met God hê. As vers 10 dus sê gelowiges het 'n offeraltaar, beteken dit nie hulle het 'n fisiese altaar nie. Dit verwys na Jesus wat aan die kruis, as altaar, die volmaakte offer gebring het wat tot gevolg het dat gelowiges ook gemeenskap met God mag hê, soos wat afgebeeld was in byvoorbeeld die dankoffer in die Ou Testament. Maar natuurlik mag die Levitiese priesters en Jode nie hiervan eet nie – want hulle het nie deel aan Jesus nie. Hulle glo nie in Hom nie. Daarom mag hulle nie deel in die gemeenskap met God wat Hy bewerk het vir die wat wel in Hom glo nie.

Kom ons kyk nou na vers 11. Lees Heb 13:11. Hier word spesifiek gepraat van die bloed van die offerdier wat deur die hoëpriester in die heiligdom ingedra is, terwyl die karkas van die dier buite die laer verbrand is. Nou word hier nie meer gepraat van die dankoffer nie, maar wel van die reinigingsoffer, en waarskynlik spesifiek van hoe dit op die Groot Versoendag gebring is. Die doel met die reinigingsoffer was nie om op gemeenskap met God te fokus, soos in die dankoffer nie, maar wel om reiniging van sondes te bewerk.

Vers 12 bou nou op vers 11. Lees Heb 13:12. Ons weet Jesus is buite die stadspoort gekruisig. Hy is op Golgota buite Jerusalem gekruisig. Ons weet natuurlik ook dit was tydens sy kruisiging buite die tempel en buite Jerusalem, wat Hy versoening van sondes bewerk het vir die wat in Hom glo – dit is waar Hy hulle deur Sy bloed geheilig het. Wat vers 12 nou sê is dat die feit dat Hy juis buite die stadspoort gely het, afgebeeld was in die Ou Testament deur die reinigingsoffer op die Groot Versoendag. Die bloed van die reinigingsoffer is in die Allerheiligste gesprinkel, maar die res van die offerdier is buite die kamp verbrand. Netso het Jesus buite Jerusalem gesterf. Maar Jesus het ook opgestaan en is toe in die ware Allerheiligste in, soos die bloed van die reinigingsoffer – en so het Hy as Leidsman van die verlossing van gelowiges vrye toegang tot die Allerheiligste bewerk langs die nuwe lewende weg (Heb 10:19).

Kom ons dink bietjie verder hieroor. Onthou, die brandofferaltaar het in die voorhof van die tabernakel gestaan. As die reinigingsofferdier op die brandofferaltaar verbrand sou gewees het, soos wat die geval met die ander offers was, sou mens verwag het dat Jesus in die tempel gekruisig moes word. Natuurlik sou dit nie moontlik wees nie. Nie net sou die Jode dit nooit toegelaat het nie, maar meer belangrik – kruisiging was immers 'n vervloeking. 'n Vervloeking hoort tog nie in die tempel nie. Jesus is vir ons tot sonde gemaak. Hy het in ons plek 'n vervloekte geword. Soos wat die liggaam van die reinigingsoffer uit die tempel en uit die stad verwyder is, want dit is vereenselwig met die sonde waarvoor dit versoening moes doen, so is Jesus ook uit die tempel en uit die stad verwyder omdat Hy ons sondes op Hom geneem het om daarvoor versoening te bewerk.

Maar hier lê nog dieper betekenis in: Toe Jesus uit die tempel en die stad gegaan het om versoening te bewerk, was dit ook 'n handeling wat aangedui het die einde van die rol van die fisiese tempel en fisiese Jerusalem het aangebreek. Alles in die tempel het was vooruitskaduwings van die ware Reinigingsoffer wat Hy eenmalig sou bring – en nou dat dit gebring is, is al die vooruitskaduwings vervul. Die simboliek van die fisiese tempel is uitgedien. En dit is al wat die fisiese tempel was: 'n simbool wat heengewys het na Jesus wat sou kom. Daar is geen nut meer vir fisiese offers nie, selfs nie vir reinigingsoffers nie. Daar is geen nut meer vir 'n fisiese brandofferaltaar nie – selfs nie om dankoffers op te bring om vreugdevolle gemeenskap met God te hê nie – want ons het 'n ander offeraltaar: Jesus was eenmalig aan die kruis, en daarna het Hy opgevaar na die ware Allerheiligste –

en gevolglik het ons vrymoedigheid om langs die nuwe lewende weg wat Hy gebaan het ook daar in te gaan. Dit is verstommend: Sien jy dit? In die simboliek in die ou verbond van die reinigingsoffer wat buite die laer verbrand is, is die einde van die ou verbond gesimboliseer.

Nou maak vers 13 logies sin. Lees Heb 13:13. Wel, as Jesus uitgegaan het uit die tempel uit, uit die stad uit, as Hy die eenmalige volmaakte reinigingsoffer daar buite gaan bring het, laat ons dan ook uitgaan na Hom buite die laer. Daar is niks in die fisiese tempel of selfs in die fisiese Jerusalem waaraan ons nog moet vasklem nie – nee, laat ons uitgaan uit hierdie sisteem van skadubeelde en tipes, na die volmaakte vervulling waarna dit alles die heelyd gewys het. Ja, ons kan verwag dat dit gepaard sal gaan met smaad – immers is daar steeds baie wat bly vasklou aan die fisiese tempel en allerlei uiterlike rituele, soos om aan sekere eetgebruike vas te klou, of ander vreemde leringe. Ja, daar is baie wat verwerp dat Hy die vervulling is van al hierdie Ou Testamentiese tipes en wat ons sal spot of selfs verkleineer – immers het hulle Jesus ook gespot en verkleineer, hulle het Hom selfs doodgemaak. Maar ons onthou Hy is nie net die Leidsman van ons verlossing nie, Hy is ook die voleinder daarvan. Daarom gaan ons uit na Hom toe – buite die laer.

En dit is wat vers 14 onderstreep. Lees Heb 13:14. Nie net gaan ons uit die fisiese tempel nie, nee ons gaan ook uit die fisiese Jerusalem. Ons verstaan ons is nie op pad na 'n fisiese blywende stad hier op aarde nie. Nee, soos Abraham in Heb 11:10 verwag ons ook 'n stad met fundamente waarvan God die argitek en boumeester is. Ons gaan uit die fisiese Jerusalem uit na die toekomstige stad, dit is die stad van die lewende God, dit is die hemelse Jerusalem (Heb 12:22).

Kom ons staan vir 'n oomblik terug en maak seker ons verstaan die vloei van die argument van die skrywer in verse 7-14: Ons word opgeroep om ons afgestorwe leiers in gedagte te hou wat God se Woord aan ons verkondig het. Hoekom juis hulle? Want hulle het die ontvouing van God se plan van die Ou Verbond na die Nuwe Verbond verstaan – en hulle het dit geglo – selfs tot aan die einde van hulle lewens. Hulle het verstaan dat Christus reeds gekom het as die Middelaar van die Nuwe Verbond. Hierdie verbond is 'n ewige verbond. Hier gaan nie weer veranderinge gebeur soos met die oorgang van die Ou na die Nuwe Verbond nie. Daardie oorgang was eenmalig – dit het gebeur omdat die Ou Verbond op 'n sigbare manier God se Nuwe Verbond uitgebeeld het. Intussen het Christus gekom as die Middelaar van die Nuwe Verbond. Die Nuwe Verbond is nou in werking. Boonop is Jesus Christus gister, vandag en vir ewig dieselfde. Daarom staan die Nuwe Verbond ook vas. Alhoewel al hierdie dinge vasstaan, is dit egter so dat die wereld dit nie gaan aanvaar nie. Daarom kan ons allerlei vreemde leringe verwag – wat fokus op allerlei uiterlike handeling, soos eetgebruike, in 'n poging om daardeur met God versoen te word. Al hierdie leringe en gebruike is egter nutteloos, dit baat niks. Nee, wat ons eerder moet doen, is om gemeenskap met God te hê – soos wat die volk in die Ou Testament gemeenskap met God kon hê wanneer hulle dankoffers gebring het: 'n deel van die offer is aan God gewy, en 'n deel mog hulle eet. Ons kan ook eet van die offer wat Jesus gebring het – ons kan byvoorbeeld nagmaal vier. Dit alles is moontlik want Jesus het die eenmalige, volmaakte reinigingsoffer gebring. Hy het dit buite die tempel en buite die stad gebring – soos wat die reinigingsofferdier buite die laer verbrand is. Bloed is die teken van lewe. Toe Hy uit die dood opgestaan het, het Hy opgevaar na die hemel – na die ware Allerheiligste, soos wat die bloed van die reinigingsoffer in die Allerheiligste gesprentel is. Daarmee het Hy die skadu's en tipes van die Ou Verbond vervul – en het Hy ook uit die tempel en die stad gegaan. Ons moet saam met Hom uitgaan. Die fisiese tempel en die fisiese Jerusalem is uitgedien. Ja, ons gaan uit saam met Hom, en ons is op pad na die toekomstige stad, die stad van die lewende God, die hemelse Jerusalem.

Die oproepe in Heb 13:15-16

Lees Heb 13:15-16. Vers 15 begin met: “Laat ons dan...” . Die punt van die skrywer is dat ons met die argument wat hy in verse 7-14 gemaak het in gedagte, nou aandag moet gee aan die twee oproepe wat in hierdie verse gegee word.

Die eerste oproep is: “Laat ons dan deur Hom (dit is: deur Jesus Christus) voortdurend ‘n loffer aan God bring”. Soortgelyk aan Heb 12:28 waar die skrywer ook in die lig van die heerlike voorregte wat gelowiges geniet, hulle opgeroep het om God dankbaar te dien met eerbied en ontsag, so is die oproep hier om ‘n loffer aan God te bring. Dit is die logiese en rasonale reaksie. Onthou, in die Ou Verbond was daar baie offers – onder andere was daar ook dankoffers, waar die volk gemeenskap met God kon hê deurdat ‘n gedeelte aan God geoffer is en ‘n gedeelte deur hulle geëet kon word. In die Nuwe Verbond bring ons nie meer fisiese offers nie, maar ons bring tog wel offers. Hier word ons opgeroep om loffers te bring. Dink ook aan Rom 12:1 waar ons opgeroep word om ons liggame beskikbaar te stel as ‘n offer wat lewend, heilig en vir God aanneemlik is. En dan voeg die vers by: Dit is julle sinvolle godsdienste. Ons godsdienstbeoefening bestaan nie meer daaruit om fisiese offers te bring nie, veral nie fisiese reinigingsoffers nie – Jesus het eenmalig die volmaakte reinigingsoffer gebring. Maar ons het ‘n offeraltaar waarop ons offers bring en waartydens ons gemeenskap met God mag hê. Dit bestaan daaruit dat ons ons lewens aan God offer en dat ons loffers aan Hom bring. Dink aan die argument in verse 7-14. Dink aan hoe God se verlossingsplan ontwikkel het van eers net beloftes, toe ‘n ou verbond gevul met skadu’s wat vooruit leer hoe God se plan gaan realiseer, dan die oorgang na die nuwe verbond waar die skadu’s vervul is deur Jesus Christus. Dink aan die feit dat Hy nie verander nie – en daarom kan ons sekerheid hê dat Hy die vervulling van die skadu’s is. Dink daaraan dat ons nie aan uiterlike eetgebruik, offers en ander rituele vasklou nie – maar dat ons saam met Hom uit die rituele van die tempel en die stad mag gaan. Dink daaraan dat ons oppad mag wees na die toekomstige, hemelse Jerusalem. Dink daaraan dat ons selfs met vrymoedigheid mag gaan. Dan is dit net logies dat ‘n loffer deur Jesus, wat die Middelaar van hierdie Nuwe Verbond is, gepas is. Vers 15 sê so ‘n loffer is die vrug van lippe wat Sy Naam bely, dit is wat iemand doen wat oor al hierdie dinge gedink het, hulle vertrou in Jesus gestel het, en nou God se lof besing.

Vers 15 sê so iemand sal voortdurend loffers bring. Dit is eenvoudig so, elke keer wat ons oor die verlossing van God besin, sien ons meer detail raak, staan ons meer verstom – en gevolglik bring ons meer lof aan God. As ons voortdurend besin oor Sy verlossing, sal ons voortdurend loffers bring. Hoe bring ons so ‘n loffer? Ons praat en verkondig opgewonde aan wie ook al wil hoor hoe heerlijk God se verlossing is. Ons sing daaroor. Ons besing God se lof wanneer ons bid. En ons doen dit alles met eerbied en ontsag vir God.

Maar dit gaan verder as om net daaroor te praat en te sing en te bid. Dit verander ons lewens – dit verander wat ons doen. Vers 16 voeg by: “En moenie versuim om goed te doen en mededeelsaam te wees nie, want God het behae in sodanige offers”. Hoe meer ons God se plan bestudeer en die volmaaktheid daarvan raak sien, hoe meer word ons oortuig van God se goedheid, en dat Hy goed is teenoor ons. En dan reageer ons daarop deur ook goed te doen. Hoe meer ons verstaan dat God se plan daarop gaan uitloop dat ons onverdiend deel gaan hê aan God se heerlijkheid, hoe meer word ons bereid om ook mededeelsaam te wees. Natuurlik het God behae in sulke offers – dit is dan wat Hy aan ons gedoen het.

Opsomming

Hoe lyk dankbare diens aan God waarin God welgevalle het? Dit word uitgeleef deur broederlike teenoor medegelowiges, deur gasvryheid teenoor vreemdelinge, deur besorgdheid oor gevangenis, deur God se huwelik eerbaar te hou, deur tevrede te wees met die middele wat God ons gegee het.

Dit word ook uitgeleef deurdat ons bewustelik, doelbewus, entoesiasties, openlik, hoorbaar, sigbaar God se lof besing oor die groot werk wat Hy doen deur Sy Seun en waarvan ons as gelowiges begunstigdes is. Ons doen dit met ons lippe as ons praat, sing en bid. Ons doen dit ook met ons dade deur aan ander goed te doen en mededeelsaam te wees, soos wat God teenoor ons was.